# SONDAGSKOOL LES: Is ek 'n sondaar?

**Doel van les:**

- Kinders gaan in hierdie les besef dat ons almal sonde doen en dat sonde 'n ernstige probleem in die mens se lewe is.

**Ysbreker: Oud genoeg om te weet**

- Laat die kinders twee-twee saam sit. Gee vir elke groepie die eerste uitdeelstuk en lees die instuksies bo-aan die bladsy. Kry 'n groot horlosie wat sekondes ook wys. Die een kind moet nou kyk hoe vinnig die ander een die kleure in volgorde kan noem. Dan ruil hulle en laat die ander kind nou sy maat se tyd neem. Maak seker dat hulle hul tyd neerskryf.

  Volgende deel jy die uitdeelstuk nommer 2 uit en lees die instruksies bo-aan die bladsy. Die kinders moet nou weer mekaar se tyd neem. Hulle moet nou kyk hoe vinnig hulle die kleur kan noem en nie die woord lees nie.

  Die kinders sal dadelik sien hoeveel langer dit neem om die tweede uitdeelstuk te doen.

- Watter opdrag was vir julle die moeilikste? Hoekom?

Kry terugvoering.

**Sê:** Toe ons jonger was, kon ons nie lees nie, maar ons kon darem die verskillende kleure opnoem. Dit was maklik om vir ma of pa te vertel dat iets rooi, geel of blou was. Dalk het julle dit geniet om die verskillende kleure op te noem. Toe ons klein was, het ons ook nie te veel van sonde geweet nie. Ons het wel deur ma of pa se reaksie geweet dat ons iets verkeerd gedoen het, maar ons het nie ten volle die gevolge van sonde verstaan nie.

Dis amper soos om te leer lees. Nadat ons eers geleer lees het, het woorde begin betekenis kry. Dit het begin belangrik raak. Met die tweede uitdeelstuk was dit moeiliker om die kleur te sê omdat ons die woorde kan lees en dit gemors het met ons fokus op die kleur.

Dis hoe sonde is. Nou dat ons ouer is, kan ons sonde al meer voel as 'n regte teenwoordigheid in ons lewens en nie net as iets wat ons verkeerd doen nie. Ons kan begin agterkom hoe sonde ons verhouding met God beïnvloed.

Gedurende Jesus se bediening, is Hy baie getoets deur die Fariseërs. Hulle wou Jesus probeer uitvang elke kans wat hulle kon kry. Hulle het geweet Jesus het van dorp tot dorp beweeg en mense se sondes vergewe. Toe bring hulle iemand na Hom toe wat doodgemaak moes word volgens die Joodse wet vir haar sonde.

**Groepwerk: Lees Romeine 3:23 en Johannes 8:1-11**

**Vrae:**

- Het die vrou op haar eie na Jesus toe gekom? (Nee)
- Wat was die straf volgens die Joodse wet vir die vrou se sonde? (Sy moes gestenig word)
- Kon die vrou uit haar eie die straf ontsnap vir haar sonde? (Nee)
- Jesus het gesê dat die een wat sonder sonde is die eerste klip kon gooi. Hoekom het niemand 'n klip gegooi nie? (Daar is niemand sonder sonde nie)
- Wat het Jesus vir die vrou gesê na almal weg is? (Om te gaan en nie meer te sondig nie)
- Hoekom het Jesus so gesê? (Bespreek moontlike antwoorde)

Kry terugvoering.

Verlede week het ons geleer die Hemel is verniet en ons kan dit nie verdien nie. Geen hoeveelheid geld of goeie dade kan ons kaartjie Hemel toe koop nie.

Vandag het ons geleer dat almal sonde doen. Nie een mens is perfek nie en dat sonde teen God se wil is. Sonde kan 'n gedagte, daad wees of selfs iets wat jy nie doen nie wanneer jy eintlik moet. Sonde skei ons van God. Die Bybel sê dat die loon van sonde die dood is. Volgende week gaan ons bietjie verder kyk na God se antwoord op ons sonde.

Sluit af met gebed in groepe.



| | | |
|---|---|---|
| Bruin | Groen | Rooi |
| Swart | Pers | Geel |
| Pienk | Oranje | Wit |


| | | |
|---|---|---|
| Bruin | Groen | Rooi |
| Swart | Pers | Geel |
| Pienk | Oranje | Wit |